# PGDip Huisartskunde (10220008)

| | |
|---|---|
| **Minimum duur van studie** | 1 jaar |
| **Totale krediete** | 120 |
| **Kontak** | Dr RPG Botha gerhard.botha@up.ac.za |

## Toelatingsvereistes

Die voornemende student moet in besit wees van 'n MBChB-graad of gelykwaardige kwalifikasie. Suid-Afrikaanse kandidate moet by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika en nie-Suid-Afrikaanse kandidate by die Lisensieraad van hul land van herkoms as 'n mediese dokter geregistreer wees en aanvaarbare dokumentêre bewys hiervan voorlê.

Die dokter moet:

- Ambulante pasiënte konsulteer;
- Eerstekontakmediesesorg verskaf; en
- Werk as ’n mediese algemene praktisyn.

## Ander programspesifieke inligting

Twee akademiese jare deeltydse studie met ’n modulegebaseerde kurrikulum deur middel van afstandsonderrig.’n Gemengde benadering wat kampusgebaseerde onderrig, webgebaseerde onderrig en werkplekleer insluit, sal gevolg word.

## Eksamens en slaagvereistes

**Assessering**

i. Opdragte soos voorgeskryf deur die hoof van die department moet voorgel? word vir elk van die agt modules. Indien ’n student nie ten minste 50% behaal nie, word een hervoorlegging toegelaat vir elke module.
ii. Werkplekgebaseerde leer en assessering

Leer in die werkplek word gedryf deur eweknieleer en gedokumenteer deur ’n portefeulje van leer.
Die portefeulje van leer moet die volgende insluit:

- Bewys van selfgerigte leer deur middel van ses (6) maandelikse leerplanne en refleksie (die opdragte sal deel vorm van die portefeulje);
- Bewys van leer deur middel van tien (10) observasies per jaar; en
- Bewys van aanleer van vaardighede deur die gebruik van ’n logboek

iii. Finale assessering

’n Jaarlikse assessering van die leer gedokumenteer in die portefeulje deur die Departement van Huisartskunde.

**Slaagvereiste**
'n Finale punt van minstens 50% word vereis as ’n slaagpunt vir elke module.

**Nasionale uitgangseksamen**
’n Enkele nasionale uitgangseksamen sal landswyd aangebied word deur die College of Family Physicians. Die portefeulje vorm deel van die assessering en die portefeulje sal die student toegang gee tot die nasionale uitgangseksamen. Suksesvolle kanidate sal ’n Hoër Diploma van die Kollege ontvang sowel as ’n Nagraadse Diploma van die Universiteit.

## Slaag met lof

’n Gemiddelde van minstens 75% word vir die modules en die portefeulje vereis om die diploma met onderskeiding te verwerf.

# Kurrikulum: Jaar 1

**Minimum krediete: 120**

## Kernmodules

Gesinsgeoriënteerde pasiëntsorg 700 (FFM 700) - Krediete: 15.00
Chroniese siektes 700 (FMD 700) - Krediete: 15.00
Psigiatrie 700 (FMF 700) - Krediete: 15.00
Infeksiesiektes 700 (FMI 700) - Krediete: 15.00
Praktykbestuur 700 (FMX 700) - Krediete: 15.00
Filosofie en beginsels van huisartskunde 700 (HAK 700) - Krediete: 15.00
Kliniese prim?re sorg 700 (PCC 700) - Krediete: 15.00
Gemeenskapsgeoriënteerde prim?re sorg 700 (PCP 700) - Krediete: 15.00

# Kurrikulum: Finale jaar

**Minimum krediete: 120**

## Kernmodules

Gesinsgeoriënteerde pasiëntsorg 700 (FFM 700) - Krediete: 15.00
Chroniese siektes 700 (FMD 700) - Krediete: 15.00
Psigiatrie 700 (FMF 700) - Krediete: 15.00
Infeksiesiektes 700 (FMI 700) - Krediete: 15.00
Praktykbestuur 700 (FMX 700) - Krediete: 15.00
Filosofie en beginsels van huisartskunde 700 (HAK 700) - Krediete: 15.00
Kliniese prim?re sorg 700 (PCC 700) - Krediete: 15.00
Gemeenskapsgeoriënteerde prim?re sorg 700 (PCP 700) - Krediete: 15.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.